

SARS DOEANE ONDERSKEP BAGASIE MET KOKAÏENE TER WAARDE VAN MEER AS R3 MILJOEN

Pretoria, Vrydag 22 Februarie 2019 – Na maande van intensieve waarneming van verskeie vlugte, het die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) se doeane-beamptes, wat by OR Tambo Internasionale Lughawe gestasioneer is, met sukses 'n vermeende dwelmsmokkelaar gekenskets en haar bagasie onderskep wat kokaïene ter waarde van meer as R3 miljoen bevat het.

Die reisiger, wat vanaf Sao Paulo gearriveer het, het aanvanklik ontken dat sy enige bagasie ingeboek het. Hoewel, na verdere ondersoek is gevind dat sy bagasie met 'n gewig van 23 kilogram ingeboek het.

Die beamptes het daarna haar ingeboekte bagasie op die bagasieband gevind. Gedurende 'n fisiese inspeksie van die bagasie, is twee rugsakke gevind met 10.645 kg vermeende kokaïene in en die vrou is daarna onmiddellik aangehou.

'n Kriminele saak, vir dwelmsmokkelary en poging tot regsverwydeling, is by die plaaslike polisiestasie aanhangig gemaak.

Die passasier is daarna in hegtenis geneem hangende haar verskyning in die hof op die aanklagte.

Vir foto's, [klik hier](#).